## Die Wet van die Here eis liefde en toewyding aan God en naaste

**Lees: Markus 12: 28 – 34** **Teks: Markus 12: 30 - 31**

Om lief te hê soos die Here dit wil hê is nie altyd maklik nie. Maar tog is dit nie net die eis van die Wet nie, maar dit is die kern van die oproep van die Here aan al sy kinders.

Maar wat beteken dit om lief te hê, en wie moet ons liefhê en hoekom moet ons liefhê?

In hoofstuk 12 en trouens deur Christus se hele lewe probeer die Fariseërs en Sadduseërs om Christus met allerhande vrae vas te trek. Hier probeer die Fariseër Hom vastrek met die vraag oor die belasting. Dan is Sy antwoord aan hulle om die keiser te betaal wat hom toekom. Maar inherent so ook die Here.

Die Sadduseërs het hom probeer vasstrek oor die opstanding uit die dood. Hulle het nie daarin geglo nie. Maar weereens sit Christus hulle op hulle plek.

Nou probeer hulle weer om Hom vas te trek oor die belangrikste wet. Sommiges het geglo dat sommige wette belangriker is as ander. Terwyl ander geglo het hulle is almal ewe belangrik. Daarom vra hulle wat is die heel grootste gebod?

Sy antwoord is die bekende aanhaling oor dat jy die Here jou God moet liefhê en wat daarop volg. Maat dit wat Christus wil tuisbring is die dat Liefde die eerste en grootste gebod is.

Die eerste gedagte is dat jy die Here jou God moet liefhê. Hy is die Enigste ware God. Daar is geen ander God as Hy nie. Daar is niks en niemand wat op dieselfde vlak as Hy is nie. En as jy Hom liefhet moet dit met jou hele wese wees. Jou hart, en jou siel, en jou verstand en al jou krag. Jy kan dus nie die Here liefhê op halfhartige wyse nie. Jou hele wese moet daarby betrokke wees.

So baie keer beleef en ervaar ons hoedat die Here nie meer die belangrikste rol in ons lewens speel nie. Daar is altyd iets en iemand anders wat belangriker raak. Ons beleef en ervaar hoedat ons prioriteite in die lewe nie op die regte plekke lê nie Dan is ons liefde tot God nie wat dit moet wees nie.

Maar Christus is nog nie klaar nie. Hy gaan nog verder en vertel hulle dat hulle hulle naaste ook moet liefhê. Soveel soos jouself. Jy moet hulle ook vertroetel, versorg en na hulle omsien.

Soveel keer vra ons verkeerdelik wie ons naaste is. Mense word op ons pad gestuur met 'n doel. Die Here plaas hulle daar. Gee dan aan hulle wat die Here wil hê jy moet gee. Al is dit dan die waarheid uit die Evangelie uit. Net soos Christus besig is om te doen vir hierdie einste mense. Hy vertel hulle die waarheid. Hulle moet dit hoor.

Op grond waarvan kom hierdie eis? Jesus Christus het hierdie selfde liefde aan elkeen van ons bewys. Hy was bereidwillig om Sy lewe af te lê sodat elkeen van ons kan lewe. Dit is wat liefde is – Dis opoffering. Die rede is omdat jy baie keer dinge moet doen waarvan jy nie hou nie. Jy moet mense help en bystaan wat jy nie wil nie. Jy moet selfs jou vyande liefhê. Dit is niks anders as dankbaar wees teenoor die Here vir Sy liefde aan jou nie.

Kyk net hoe antwoord een van die Skrifgeleerdes Christus as Hy hier praat. Liefde is baie meer belangrik as jou brandoffers en diereoffers. Dit is baie meer belangrik as enigiets anders wat jy in die lewe doen. Dit moet die leidende rol in elke gelowige se lewe speel.

Dit kan alleen geskied deur die werk van die Heilge Gees in ons lewens. Ons sit almal met die stryd van Paulus wat die goeie wil doen maar uiteindelik die slegte dinge verrig. Hou dan jou oë op Christus gerig en bid dat die Gees jou lei sodat jy God en jou naaste kan liefhê.

**Ds. Neville Boy**
**29 Julie 2018**